


Wie is die uitverkorenes van Matt 24: 29 - 31 ?



Mat 24:31 En Hy sal **sy engele** uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal **sy uitverkorenes (Jode)** versamel uit die **vier windstreke**, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Wie is die uitverkorenes waarvan ons lees in Matt 24:29-31?

Mat 24:29 En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.

Mat 24:30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

Mat 24:31 En Hy sal **sy engele** uitstuur met harde trompetgeluid, en hulle sal **sy uitverkorenes (Jode)** versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

As Matt 24: 29 & 30 NIE verwys na Christus se koms vir sy heiliges NIE, wat moet ons dan verstaan as ons in Matt 24:31 lees van "sy uitverkorenes"?

Almal wat verklaar dat die kerk deur die verdrukking moet gaan, beweer dat "sy uitverkorenes" hier dui op die kerkheiliges. Ons is seker dat dit nie die geval is nie, en daar is drie skrifgedeeltes wat dit bewys.

Jesus Christus sal self van die hemel af neerdaal om al sy heiliges in die lewe en die dood uit die wêreld weg te neem. Dit is sy voorreg en taak en die engele sal niks daarmee te doen hê nie.

1Thes 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.

1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met **'n geroep, met die stem van 'n aartsengel** en met geklank van die basuin van God; en die wat in

Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.

In Joh 14:1-3 sê Jesus Christus: "Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.

Vers:2 In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.

Vers:3 En as Ek gegaan en vir julle (almal wat in Christus geglo het - die heiliges) plek berei het, kom Ek (**nie die engele**) weer en sal julle na My toe neem (paralèpsomai - om weg te neem deur geweld), sodat julle ook kan wees waar Ek is.

Christus moet dus self kom en sy heiliges met geweld uit hierdie wêreld wegneem.

In Matt 24:40-41 en Luk 17:34-36 word ons vertel hoe die heiliges weggeneem moet word deur geweld, en sonder die hulp van engele.

Mat 24:40 Dan sal daar twee op die land wees; die een word aangeneem en die ander word verlaat.

Mat 24:41 Twee vroue sal by die meul maal; die een word aangeneem en die ander word verlaat.

Luk 17:34 Ek sê vir julle: In daardie nag sal daar twee op een bed wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.

Luk 17:35 Twee vroue sal saam maal; die een sal aangeneem en die ander verlaat word.

Luk 17:36 Twee sal op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word. (Wegvoering van die bruid.)

Die woorde "sal aangeneem word" kom van paralèphthèsetai, en is afgelei van Paralambano wat beteken "Ek

neem weg deur geweld."



In 1 Thes 4 :16 en 17 sê Paulus dat "die Here self van die hemel sal neerdaal" en **NIE DIE ENGELE NIE**.

Wanneer Hy neerdaal gaan twee dinge gebeur:

- (1) " ... die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan ,"
- (2) "Daarna sal ons wat in die lewe oorbly (al die lewende heiliges = Sy bruid) saam met hulle in die wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees." Ook hier is niks wat daarop dui dat Hy sy engele stuur om die heiliges (Sy bruid) uit al die nasies te versamel nie.

1 Thes 4:16 & 17 en Matt 24:31 verwys dus na heeltemal verskillende gebeure.

Die Griekse woord wat in 1 Thes 4:17 vertaal word met "sal weggevoer word /**shall be caught up**" is "arpagèsometha" afgelei van "arpazō" wat beteken "om vinnig en baie onverwags met geweld weggeruk te word" Christus sal self uit die hemel neerdaal en in 'n oomblik se tyd al die kerkheiliges, lewen-

des sowel as dooies, wegruk deur sy almagtige krag (sonder die hulp van enige engele) om Hom in die lug te ontmoet en "so sal ons altyd by die Here wees."

Let op dat Christus nie hier op die aarde neerdaal nie. Hy bly in die lug en deur sy eie, almagtige krag veroorsaak Hy dat sy kerkheiliges sowel die dooies as die lewendiges, skielik opgaan om Hom soos arende in vlug te ontmoet.

"Sy uitverkorenes" in Matt 24:31 kan beslis nie na die kerkheiliges verwys nie. Daar staan: "En Hy (Christus) sal sy engele uistuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes (Jode) versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan."

Matt 24:29-31 "En dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word.

Vers 30 En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlikheid.

Vers 31 En Hy sal sy engele uistuur met harde trompetgeluid, en hulle sal sy uitverkorenes (Jode) versamel uit die vier windstreke, van die een einde van die hemele af tot die ander einde daarvan.

Hier kom Christus sêlf met krag en groot heerlikheid op die wolke om Satan en al sy handlangers tot vernietiging te skud. Dan sal al die stamme van die aarde Hom sien (opsontai = om te sien met die fisiese oog.) en rou bedryf omdat hulle doodsangs sal ervaar. Open 1:7 Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen! Dit bewys dan dat hierdie koms in Matt 24:29-31 nie dieselfde koms is as die koms waarna verwys word in Joh 14:3, Luk 17:34-36 en

1 Thes 4:16 & 17.

Beloftes van God om die Jode te versamel:

Dawid, wat 'n profeet was, roep uit in Ps 106:47: " Verlos ons, HERE onse God, en versamel ons uit die nasies, dat ons u heilige Naam kan loof en ons beroem in u lof! "

Dawid sê weer in Ps 147:2 "Die HERE bou Jerusalem op; Hy versamel van Israel die wat verdryf is."

In Deut 30:1-5 lees ons: " En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die HERE jou God jou verdryf het,

Vers 2 en jy jou tot die HERE jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel,

Vers 3 dan sal die HERE jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die HERE jou God jou verstrooi het.

Vers 4 Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal die HERE jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal.

Vers 5 En die HERE jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders.

Esegiël bevestig Dawid en Moses se woorde as hy in Eseg 37:21 sê: "en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land."

Jesaja verseker ons ook dat "sy uitverkorenes", soos dit in

Matt 24:31 gebruik is, dui op die Israëliete (Jode) wat weer teruggebring moet word na Israel wanneer Christus met krag en groot heerlijkheid terugkom, **nie om sy kerk uit hierdie wêreld weg te neem nie**, maar om die troon van sy vader Dawid te herstel.

Jes 11:10 En in dié dag sal die nasies vra na die wortel van **Isai, wat daar staan as 'n banier van die volke, en sy rusplek sal heerlijk wees.**

Jes 11:11 En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see;

Jes 11:12 **en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar** laat kom die seuns van Israel (Jode) wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda (Jode) wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.

In Matt 23:31 kry ons die vervulling van hierdie skrif gedeelte. Wanneer Christus met krag en groot heerlijkheid terugkom en al sy vyande verslaan en Homself op Dawid se troon hervestig, sal Hy sy engele (engel = "aggelos" = 'n afgesant of boodskapper) uitstuur om "sy uitverkorenes" (Jode) bymekaar te maak van elke deel van die aarde en hulle terug te bring na hulle eie land.

Die werkwoord "episunagō" = *bymekaarmaak* (Matt 24:31) of "sunaxō" = *Ek sal bymekaar laat kom* (Eseg 37:21), word nooit gebruik in terme van die bruid van Christus nie, maar wél vir die bymekaarmaak van die verstrooides van Israel (Jode).

Die twee werkwoorde wat na die wegraping van die kerkheiliges (bruid) verwys, is "paralambanō" (Joh 14:3, Matt 24:40 & 41 en Luk 17:34-36) en "arpazō" (1 Thes 4:16 & 17) Albei beteken "*om weg te neem deur geweld*". En die woord "arpazō" *dui ook op 'n vinniger en meer onverwagse wegneemproses.*

Nog 'n rede waarom Matt 24:31 nie na die kerkheiliges kan

verwys nie, is omdat Christus se heiliges saam met Hom moet terugkom wanneer Hy in krag en groot heerlikheid terugkom om al sy vyande te onderwerp - soos dit opgeteken is in Matt 24:29-31.

Sag 14:1-5 & 9 lui: "Kyk, **daar kom 'n dag vir die HERE**; dan sal wat van jou buitgemaak is, binne-in jou verdeel word, o Jerusalem!

Vers 2 Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie.

Vers 3 En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog.

Vers 4 En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeel gesplyt word van oos na **wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide.**

Vers 5 En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asa—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussia, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U!

Vers 9 En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een.

Wanneer Christus só kom, verseker Sagaria ons, sal al sy heiliges (bruid) saam met Hom terugkeer. Daarom kan Matt 24:31 nie verwys na die kerkheiliges nie, want "sy uitverkorenes" is dan nie by die Here nie, maar moet later deur boodskappers van al die uithoeke van die aarde

bymekaargemaak word.

1 Thes 3:13 lui: "sodat Hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor onse God en Vader by die wederkoms van onse Here Jesus Christus met al sy heiliges. "

Jud 1:14 En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tien duisendtalle,

Jud 1:15 om gerig te hou oor almal en al die goddelose mense onder hulle te straf oor al hulle goddelose werke wat hulle goddelooslik gedoen het, en oor al die harde woorde wat die goddelose sondaars teen Hom gespreek het.



"Sy uitverkorenes" van Matt 24:31 moet deur die engele uit al die nasies bymekaargemaak word, en dit nadat die oordeel oor al Christus se vyande voltrek is. Luister wat Chris-

tus self in Matt 25: 31 & 32 sê: "En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit;

Vers 32 en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei;

Ons is seker dat die "heilige engele" van wie ons in vers 31 lees, dié wat nou terugkom om die glorie van die Here te deel, die kerkheiliges (bruid) is, omdat die gewone engele nooit "heilig" (hagioi) genoem word nie. "... *al die heilige engele*" word in die Grieks aangedui met "pantes (= almal) hoi hagioi (= die heilige) aggeloi (=engele)"

"Hoi hagioi" (=die heiliges) is die uitdrukking wat dwarsdeur die Nuwe Testament gebruik word om na die kerkheiliges (bruid) te verwys. In 2 Kor 13:12 lees ons: "Al die heiliges (hoi hagioi) groet julle."

In Lukas 20: 30 sê Christus vir ons dat wanneer 'n heilige doodgaan hy "soos die engele" (=isaggeloi) is. Die woord "isaggeloi" kom van "isos" = gelykstaande in alle opsigte en "aggelos" = 'n engel. As die kerkheiliges dus "hoi hagioi" (= die heiliges) genoem word, sal hulle, wanneer hulle die volgende wêreld (= geestes wêreld) binne gaan, in alle opsigte **gelykstaande wees aan die engele**. Dit is dus geen wonder dat Christus hulle "die heilige engele" noem nie.

Nog 'n rede waarom ons weet dat hierdie heilige engele van Matt 25: 31 die verheerlikte kerkheiliges (bruid) is, is omdat Paulus in Rom 8: 17 sê: "en as ons kinders (tekna=kinders in die proses van die nuwe geboorte, of ware heiliges) is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat (hina=in orde dat) ons

ook saam met Hom verheerlik kan word." Let daarop dat al die heiliges van God Mede-erfgenaam is = "sugklèronomoi." Dit kom van "sun" = bymekaar en "klèronomeō" = om 'n gedeelte van 'n erfporse te ontvang." Dit beteken dus "om die erfporse gesamentlik te deel," of "om gelykop te deel" in al die glorie, kundigheid en besittings van ons Here.

Wanneer Christus dan "in sy heerlikheid" kom, soos Matt 25:31 / Matt 24:30 / Mark 13:26 en Luk 21:27 sê, dan moet al die kerkheiliges (bruid) saam met Hom kom om te deel in hierdie heerlikheid, anders is Paulus 'n valse leraar, want hy verklaar in Rom 8:17 " en as ons kinders (tekna=die heiliges) is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word." Hierdie woord "saam verheerlik" = "sundoxasthōmen" afgelei van "sundoxazō" = "om gesamentlik verheerlik te word, om te verhef tot 'n staat van waardigheid en blydskap in die geselskap van, en om deel te neem in die verheerliking van mekaar."

Petrus skryf in 1Pet 5:1 "Ek vermaan die ouderlinge onder **julle, ek wat 'n mede-ouderling** en getuie van die lyde van **Christus is, wat ook 'n deelgenoot** (koinōnos = venoot) is van die heerlikheid wat geopenbaar sal word: "

Net soos Petrus 'n deelgenoot van Christus sal wees wanneer Hy in sy heerlikheid terugkeer, net so sal elke ander heilige ook deel hê aan sy geopenbaarde heerlikheid. Ons sal deel hê aan Christus se verheerliking. In Mark 8:38 & Luk 9:26 praat Christus ook van sy koms in heerlikheid "met sy heilige engele"; en in Kol 3:4 lees ons: " Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle (die hele kerk) ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word."

Open 11:18 bewys dat die kerkheiliges (bruid) weggeraap

en geoordeel moet word voordat Christus in krag en heerlikheid terugkom nà die verdrukking: " En die nasies was ver-toornd, en u toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges (hoi hagioi = die heilig-es) en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf."

Open 11:18 leer ons duidelik dat voordat Christus terugkom om sy vyande te vernietig, soos wat Hy sal doen met die koms waarna Matt 24:29-30 verwys, Hy eers sy diensknegte (die lewendes en die dooies) sal beoordeel om oor hulle beloning te besluit. Nadat dit voltooi is, sal Hy met sy heiliges kom om diegene te vernietig wat die aarde vernietig,

Drie duidelike bewyse.

Daar is dus drie duidelike bewyse dat "sy uitverkorenes" NIE na die kerkheiliges verwys NIE:

1. Christus sal uit die hemel kom en sy kerkheiliges deur sy almag in staat stel om binne 'n oogwink soos arende in vlug na Hom op te vaar. Die heiliges gaan NIE deur die engele bymekaargemaak word NIE, maar sal "met geweld" opgeneem word, waar hulle hul ook al op daardie oomblik bevind. Sowel die dooie as die lewende heiliges sal hulle Here dan in die lug ontmoet. (Joh 14:3 en 1 Thes 4:16 & 17)
2. Die kerkheiliges gaan nie bymekaargemaak word soos "sy uitverkorenes" in Matt 24:31 nie. Hierdie woord "episunagō" = ek maak bymekaar - word altyd in die Ou Testament gebruik vir God wat Israel (Jode) uit die nasies bymekaarmaak om sy volk na hulle land terug te neem. (Ps 106:47, Ps 147:2, Deut 30:1-5, Jes 11:10-12 en Eseg 37:21) Die Griekse woorde wat ge-

bruik word om die wegneem van die heiliges uit te druk, is "paralambanō" in Joh 14:3, Matt 24:40 & 41 en Luk 17:34-36 en "arpazō" in 1 Thes 4:17. Albei hierdie woorde verseker ons dat die kerkheiliges (bruid) met geweld gegryp en weggeneem gaan word van die plek waar hulle hul op daardie oomblik bevind.

3. 'n Derde bewys is dat Christus, wanneer Hy in krag en heerlikheid na die aarde kom om al sy vyande te vernietig en oor hierdie aarde te regeer (Sag 14:1-9) sy heiliges (bruid) saam met Hom sal terugkeer. Daarom kan "sy uitverkorenes" - wat nog eers deur die engele bymekaargemaak moet word vanuit al die dele van die aarde, nadat Hy teruggekom het, onmoontlik na die kerkheiliges verwys.

Na wie verwys "sy uitverkorenes" in Matt 24:31 dan?

Die Griekse woord wat daar gebruik word het vir ons alreeds die antwoord gegee. Hierdie woord is "episunaxousi" afgelei van "episunagō" = ek bring bymekaar. Hierdie woord is die een wat altyd in God se Woord gebruik word vir die bymekaarmaak van die Israëliete (Jode) om na hulle eie land terug te keer.

Voordat die kerk ontstaan het, was die Israëliete (Jode) God se uitverkore mense. In Jes 45:4 lees ons: " ter wille van Jakob, my kneg, en Israel, my uitverkorene," In die Septuagint (=Griekse Ou Testament) staan daar "Israel die uitgesoektes van my" en die woord vir "uitgesoektes" (=eklektos) is dieselfde as in Matt 24:31.

Ons lees in Jes 65:9 : **"En Ek sal 'n nakroos uit Jakob laat voortkom**; en my uitverkorenes (Jode) sal dit erflik in besit neem

"My uitverkorenes" is hier 'n vertaling van "hoi eklektoi mou" ([die uitgesoektes van My](#)) Hier het ons wees presies dieselfde woord vir "uitverkorenes" as in Matt 24:31. In Jes 65:22 lees ons ook: "..... en my uitverkorenes (Jode) sal die werk van hulle hande self geniet." Ook hier is "hoi eklektoi mou" gebruik - presies dieselfde woorde as in Matt 24:31.

Millennium (Duisendjarige Vrederyk.)

Jesaja 65:17 **lui "Want kyk, Ek skeep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie."** Wanneer Christus sy Millennium-koninkryk tot stand bring, sal daar ook 'n nuwe (kainos - in die Septaugint) hemel wees, omdat Satan en al sy geestelike magte verwyder sal wees. Omdat niemand meer deur Satan en sy volgelinge verlei sal word nie. Ook die gevolge van die sonde - dinge soos kieme wat siektes veroorsaak en produkte laat verrot, sal dan vernietig wees. Lees nou weer Jes 65:17-25 en sien hoe God belowe het om Israel (Jode) gedurende die Millennium te seën.

I sa 65:17 **Want kyk, Ek skeep nuwe hemele en 'n nuwe aarde,** en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.

I sa 65:18 Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skeep; want kyk, Ek skeep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees.

I sa 65:19 En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk; en daarin sal nie meer gehoor word die stem van geweën of die stem van geskreeu nie.

I sa 65:20 **Daarvandaan sal nie meer kom 'n suigling van 'n paar dae of 'n grysaard wat sy dae nie vol uitlewe nie; want 'n seun sal sterwe honderd jaar oud, en wie sondig, sal, honderd jaar oud, deur die vloek getref word.**

I sa 65:21 En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant

en die vrug daarvan eet:

Isa 65:22 hulle (Jode) **sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae** van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes (hoi eklektoi mou - die uitverkorenes van My) sal die werk van hulle hande self geniet.

Isa 65:23 Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; **want hulle (die Jode) is 'n geslag van die wat deur die HERE geseën is**, en hulle nakomeling is by hulle.

Isa 65:24 En voordat hulle roep, sal Ek antwoord; terwyl hulle nog spreek, verhoor Ek.

Isa 65:25 Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal **strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang** wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.

Beloftes van God vir die Jode.

Ja, wanneer Christus hierdie aarde verskriklik skud, alle vyande onderwerp en sy Millennium-koninkryk oprig, (Heb 12:26 **Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe.** Heb 12:27 **En hierdie woord: nog, een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly.** Heb 12:28 **Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.** Heb 12:29 **Want onse God is 'n verterende vuur.**) sal Hy sy engele (boodskappers) uitstuur om "sy uitverkorenes" (die Jode) uit al die dele van die aarde bymekaar te maak om hulle na hul eie land terug te bring. Lees weer Ps 106:47 **Verlos ons, HERE onse God, en versamel ons uit die nasies, dat ons u heilige Naam kan loof en ons beroem in u lof!** Ps 147:2 **Die HERE bou Jerusalem op; Hy versamel van Israel die wat verdryf is.** Deut 30:1 **En as al hierdie dinge oor jou**

kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die HERE jou God jou verdryf het, Deut 30:2 en jy jou tot die HERE jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, Deut 30:3 dan sal die HERE jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die HERE jou God jou verstrooi het. Deut 30:4 Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal die HERE jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal. Deut 30:5 En die HERE jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders. Jes 11:12 **en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies** en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde. Eseg 37:21 en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. Eseg 37:22 En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie. Eseg 37:23 En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle **dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n God wees.** Eseg 37:24 En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle sal almal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel. Eseg 37:25 En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir

ewig. Eseg 37:26 **En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig.** Eseg 37:27 **En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle vir my 'n volk wees.** Eseg 37:28 En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde sal wees.

Kyk wat God nog in die vooruitsig stel vir Israel (Jode), "sy uitverkorenes", nadat die kerkheiliges hierdie aarde verlaat het om konings en priesters te word in die Millennium-regering. (Rom 8:17)

Rom 11:26-28 lui: Vers 26 "en so sal die hele Israel gered word, soos geskrywe is: Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend;"

Vers 27 "en dit is van my kant die verbond met hulle as Ek hulle sondes wegneem."

Vers 28 "Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande ter wille van julle; maar wat die uitverkiesing betref, bemindes ter wille van die vaders."

Ja, Israel (Jode) is nog steeds God se geliefde en sal as "sy uitverkorenes" beskou word nadat die volheid van die heidene ingekom het. (Rom 11:25 Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die volheid van die heidene ingegaan het; = **die wegvoering van die bruid.**)

As Matt 24:29 & 30 vertel van Christus se koms om sy Millennium-koninkryk op te rig, hoe moet ons dan Matt 24:14 verstaan? Daar staan: "En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld (bewoonde wêreld) tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom."

Die Griekse woord vir "einde" is hier "telos" (= "einde van

die Millennium-eeu") en NIE "sunteleia" (= die einde van die kerk-era) NIE. Die einde van die kerk-era word altyd uitgedruk met "sunteleia" en nooit deur "telos," wat die finale einde beteken nie. "Sunteleia" kom van "sun" tesame met "telos," wat die einde beteken. Daarom beteken dit nie die finale einde nie, maar die einde van iets wat moet plaasvind voordat die finale; einde kom.

In Matt 13:40 sê Christus: "Net soos die onkruid dan byme-kaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding (sunteleia) van hierdie wêreld (aiōn = eeu):"

Matt 13:49 lui weer: "So sal dit wees in die voleinding (sunteleia) van die wêreld (aiōn = eeu):... "

Mat 24:3 En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding (sunteleia) van die wêreld(aiōn = eeu)?

Mat 28:20 En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding (sunteleia) van die wêreld (aiōn = eeu). Amen.

Die woord "wêreld" (aiōn = eeu) verwys in al hierdie gevalle na die einde van hierdie kerk-era, wat eindig met die koms van ons Here Jesus Christus om al sy vyande te vernietig en sy Millennium-koninkryk op te rig.

Let daarop dat die einde van hierdie kerk-era nooit van "telos" die finale einde af kom nie, maar altyd van "sunteleia," wat beteken dat daar nog steeds sekere dinge moet plaasvind vóór die finale einde, "telos," kan kom.

In 2 Kor 15:24 & 25 het ons die ware betekenis van "telos."

Daar staan: "Daarna kom die einde (telos), wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy (Christus) alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

Vers 25 Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het.

"Telos" verwys hier na die einde van die Millennium-eeu, wan-

neer Christus alles vir sy Vader sal gee en saam met Hom sal regeer.

Laat ons nou terugkom na Matt 24:14 En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot **'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die** (finale) einde (telos) kom. (die einde van die Millennium.) Die evangelie van die koninkryk is NIE die evangelie van genade NIE, maar die evangelie van die koninkryk van die Millennium.

Wanneer die Here Jesus aan die einde van hierdie kerk-era (sunteleia) met al sy engeleskare kom en sy koninkryk kom oprig, dan sal die getroue Jode wat oorgebly het, oral heengaan om die evangelie van die Millennium-koninkryk te verkondig. Hulle sal vir die mense van al die nasies van hulle wonderlike Messias en van sy wonderbaarlike regering van regverdigheid vertel. Hulle sal almal aanmoedig om na Jerusalem te kom en hulle Koning op sy troon te sien.

Jesaja 66:18-20 & 23 lees so: "Maar Ek ken hulle werke en hulle gedagtes; die tyd kom dat Ek al die nasies en tonge versamel; en hulle sal kom en my heerlijkheid sien.

Vers 19 **En Ek sal 'n teken onder hulle doen, en** vrygeraaktes uit hulle (die Jode) stuur na die nasies, na Tarsis, Pul en Lud, wat die boog span, na Tubal en Jawan, na die ver kuslande wat my tyding nie gehoor en my heerlijkheid nie gesien het nie; en hulle sal my heerlijkheid onder die nasies verkondig.

Vers 20 En hulle sal al julle broers bring uit al die nasies as offergawe aan die HERE, op perde en op waens en in draagstoel (die oues en die wat 'n gebrek het) en op muilesels en op kamele na my heilige berg, na Jerusalem, sê **die HERE, net soos die kinders van Israel die spysoffer in 'n** rein voorwerp bring na die huis van die HERE.

Vers 23 En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees (Jode en nie-Jode) kom om te aan-

bid voor my aangesig, sê die HERE.

Die woord wat in vers 19 met "verkondig" vertaal is, is "kèrussō" - presies dieselfde woord as wat ons in Matt 24:14 vind. Dit is NIE "euaggelisomai" NIE, wat weer beteken "om die evangelie van genade te verkondig."

Gedurende die Millennium sal Joodse sendelinge na alle dele van die bewoonde aarde gaan om die goeie nuus van die Messiaanse koninkryk te verkondig. Hulle sal sulke wonderlike dinge oor hulle Koning, die Here Jesus Christus, vertel dat al hierdie nasies na Jerusalem sal stroom om Hom te sien. Jes 60:3-5 sê vir ons: "En nasies (ethna = heidense nasies) sal trek na jou lig (die Messias), en konings na jou stralende opgang.

Vers 4 Slaan jou oë rondom op en kyk—hulle almal kom bymekaar, hulle kom na jou toe; jou seuns kom van ver, en jou dogters word op die heup gedra.

Vers 5 Dan sal jy dit sien en straal van vreugde, en jou hart sal ontroer en verruim word; want die rykdom van die see (dooie see) gaan na jou toe oor, die skatte van die nasies kom na jou toe aan.

Matt 24:14 sê dus vir ons hoe die evangelie van die koninkryk aan al die heidense nasies verkondig moet word voordat die finale einde kom. Die Joodse gelowiges sal hulle werk só goed doen, dat al die heidense nasies en hulle konings sal kom om die Here op sy troon te kom sien - en dán sal die einde (telos) kom!





Huweliksuitnodiging!!

U en u vriende word hartelik uitgenooi na die Bruilof van

DIE HEMELSE BRUIDEGOM

Die plek van ontmoeting sal "in die lug wees" (1 Thes 4:17) en die gebeurtenis mag enige oomblik plaasvind (Matt 25:13)

LET OP: Net diegene wat gekleed is met 'n bruiufskleed (Matt 22:12) sal toegelaat word.

"n Bruiufskleed" word uitgereik "sonder geld en sonder prys" (Jes 55:1) aan almal wie die Here Jesus aanneem as hul persoonlike Saligmaker. Hy het die prys van ons verlossing betaal (1Pet 1:18 & 19) aan die kruishout op Golgota.

Die liefdevolle Bruidegom sê: "Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee" (Matt 11:28) "Al was jul sondes soos skarlaten dit sal wit word soos sneeu." (Jes 1:18)

Geagte leser/es as u gereed is gee dan hierdie uitnodiging, sonder versuim aan iemand wat nog nie beseft dat die wêreld se grootste en trillendste gebeurtenis voor die deur is nie.

"Salig is dié wat genooi is na die Bruilofsmaal van die Lam" (Openb 19:9) Daar kom die Bruidegom; gaan uit Hom tegemoet!" (Matt 25:6)

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

